LAERSKOOL PARK

Tel. 044-691 1020\1 Faks. 044-691 2046 Posbus 96
E-Pos parklaerskool@gmail.com MOSSELBAAI
Webblad www.laerskoolpark.co.za 6500
Prinsipaal D.F. du Toit

16 Maart 2020

Geagte Ouers

Die eerste kwartaal van 2020 het in 'n oogwink verbygeflits en boonop skielik tot einde gekom met die Coronavirus (COVIT-19). Skielik is die ritme van die skool verbreek en dit het veroorsaak dat ons indringend, drastiese noodmaatreëls moet instel.

COVIT 19 - VIRUS

Virusse en siektes kom algemeen voor onder kinders. 'n Skool is egter die ideale broeiplek vir die verspreiding van virusse tydens kontak tussen verskillende ouderdomsgroepe. Die Coronavirus word versprei van persoon tot persoon en die getalle neem drasties toe in ons land en skole is nie hiervan gevrywaar nie.

Soos wat u reeds verneem het tydens gisteraand se toepraak van die president, mnr Cyril Ramaphosa, sal die skool sluit vanaf Woensdag, 18 Maart en op Dinsdag, 14 April 2020 om 07:30 heropen.

Hierdie is voorkomingsmaatreëls wat in plek gestel is om leerders veilig te hou by hul huise om sodoende fisiese kontak te beperk.

Die volgende reëlings sal by Laerskool Park geld:

1. Die skool sal op Woensdag, 18 Maart om 10:30 sluit en sal op 14 April 2020 om 07:30 heropen.
2. Alle sportgeleenthede en kultuuraktiwiteite word afgestel totdat die skool heropen. Dit sluit in netbaltoere en oefenkampe.
3. Die oueraand van Woensdag, 18 Maart is uitgestel tot verdere kennisgewing.
4. Rapporte word uitgedeel op Woensdag, 18 Maart.
5. Die entrepreneursdag is ook afgestel.
6. Daar sal veranderinge in die kwartaalprogram, aktiwiteite en assesseringsprogram gemaak moet word vir volgende kwartaal. Sodra ons amptelike datums van die WKOD ontvang, sal die nodige aanpassings gemaak word en aan u deurgegee word.

Ek glo en vertrou dat ons deur hierdie moeilike tyd sal kom en dat u goed sal rus en sal uitsien na 'n opwindende tweede kwartaal.

DF DU TOIT
SKOOLHOOF